

Watter vertaling?

Hennie van Wyk, 2010-02-18

1.	VERTREKPUNT	3
2.	GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL.....	3
3.	TEKSKRITIEK.....	3
4.	TEXTUS RECEPTUS	4
5.	BYBELVERTALING	4
5.1.	LETTERLIKE VERTALING.....	5
5.2.	BEGRIPSVERTALING.....	5
5.3.	AKKURATE VERTALING.	6
5.4.	WATTER VERTALING?	6
5.5.	WEGLATINGS / BYVOEGINGS	6
5.6.	TAALGEBRUIK.....	7
6.	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	8
7.	NASKRIF	8

Verskeie lidmate het my by verskeie geleenthede gevra wat my standpunt is ten opsigte van die verskillende vertalings (1933/53 en 1983/91). Dit is egter noodsaaklik om 'n volledige agtergrond te gee van die twee vertalings asook 'n derde moontlikheid voor ek my antwoord gee.

Verder wil ek nie hê dat my persoonlike standpunt indruis teen enige kerkraadsbesluite nie en wil ek nie dat my persoonlike standpunt enige aanstoot gee nie.

1. VERTREK PUNT

Daar is nie een enkele oorspronklike kopie van enige Bybelboek in die handskrif van die Bybelskrywers nie. Aanvanklik is die Bybel op papyrus (plant) of perkament (diervel) geskryf. Boeke is nie gebind soos ons dit ken nie, maar is opgerol. Die verweer was natuurlik baie groot, en die boeke moes met die hand oorgeskryf word. Verder was daar nie fotostaatmasjiene of drukperse nie - as jy 'n Bybel wou hê, moes jy dit met die hand oorskryf!



2. GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

Soos die kerk gegroei het, het die behoefte aan Bybels ook vergroot. Wat die Ou Testament betref, was daar by elke sinagoge rabbi's en skrywers - persone wie se lewenstaak dit was om die teks van die Ou Testament akkuraat oor te skryf.

Die Nuwe Testament het dit egter moeiliker gehad! Die kerk is van die begin af vervolg, en was baie arm. Daar was nie noodwendig die fondse om skrywers in diens te neem nie.

Die Bybelboeke is dus ook met die hand oorgeskryf, met die uitsondering dat daar gewoonlik iemand was wat die Bybel voorgelees het, en elkeen wat die Bybel wou hê, het dit dan neergeskryf.



Daar was egter drie groot sentra waar die Bybel oorgeskryf is: Rome (Italië), Alexandria (Egipte) en Konstantinopel (Turkye). Daar is ook met opgraving by hierdie plekke baie manuskripte ontdek, wat met groot sorg bewaar word. Omdat baie van hulle vir eeue opgerol is, was dit baie bros en verweer. Dit het 'n hele wetenskap geword om die regte stukkies reg geplaas te kry.

Verder was daar baie min volledige Bybels. Daar is twee redes voor: die beperking van die spasie op 'n papyrusrol asook die feit dat die 27 boeke van die Nuwe Testament eers in die jaar 397 n.C. finaal vasgestel is.

Vir die eerste ongeveer 400 jaar is alles in hoofletters geskryf - en daarna is Hoofletters en kleinletters gebruik.

Tans is daar meer as 5000 van hierdie dokumente: volledige testamente, boeke, boekdele en sommige enkele verse.

3. TEKSKRITIEK

By die eerstaanhoor van hierdie woord - Tekskritiek - kan dit maklik verkeerd verstaan word. Tekskritiek is egter die wetenskap waarin hierdie 5000 manuskripte met mekaar vergelyk word en waarin daar gepoog word om vas te stel wat die woorde van die

oorspronklike Bybelskrywer was. Hierdie is 'n reuse taak as 'n mens beseft dat daar ongeveer 200 000 variante is op 10 000 plekke net in die Nuwe Testament!

Bybelgenootskappe van reg oor die wêreld het saamgespan om hierdie reuse taak te verrig. Kenners van die oorspronklike tale, asook kundiges op die datering van die manuskripte en kenners op die geskiedenis en aardrykskunde het saam om 'n tafel gaan sit en vir hulleself riglyne saamgestel oor hoe hulle te werk gaan om te bepaal wat die oorspronklike teks sou wees.

Van hierdie riglyne is die volgende:

- Hoe ver is die manuskrip van die plek ontdek waar dit oorspronklik geskryf is? Daar is besluit dat hoe nader aan die oorspronklike skryfplek dit gevind is, hoe meer akkuraat behoort dit te wees.
- Hoe oud is die manuskrip? Die ouer een behoort meer akkuraat te wees.
- Wat is die verskil tussen die twee manuskripte? Dit volgende faktore het 'n rol gespeel:
 - Is dit 'n doelbewuste verandering? (Voorbeeld: In Markus 1:1 - 3 word daar in sommige manuskripte verwys na "die profete" en ander na "die profeet Jesaja". Waarskynlik met Markus geskryf "die profeet Jesaja" - maar een van die oorskrywers het geweet dat dit ook in Maleagi 3:1 staan, en toe die teks verander.
 - Is dit 'n spelfout? Ons moet onthou dat Grieks wel die wêreldtaal was, maar nie almal se moedertaal nie. Hoeveel spelfoute maak ons as ons Engels moet skryf - veral as iemand dit vir ons voorlees?
 - Is dit 'n hoor-fout? As daar 'n voorleser was en iemand het verkeerd gehoor - het dit die verskil veroorsaak. Voorbeeld: In Esra 6:8 lees ons: *Sonder versuim en nougeset moet die koste aan daardie manne uitbetaal word uit die koninklike fondse, die belasting van Wes-Eufraat.* Die oorskrywer skryf: *Sonder versuim en nougeset moet die koste aan daardie manne uitbetaal word uit die koninklike vondse, die belasting van Wes-Eufraat.* Uiteindelik maak dit nie 'n verskriklike groot verskil nie - maar in die vasstelling van die teks is dit 'n verskil wat verskillend verstaan kan word.

Met hierdie riglyne het die United Bible Societies 'n Griekse teks vasgestel waarvan hulle 99.5% seker is dat dit die oorspronklike teks is. Hierdie teks se datum word gestel op dieselfde datum as wat besluit is om watter boeke in die Nuwe Testament op te neem: ongeveer 400 n.C.

4. TEXTUS RECEPTUS

Een van die eerste tekste wat vasgestel is, was die sogenaamde Textus Receptus. Hierdie teks is deur Erasmus in die jare 1510 en later vasgestel, toe daar in die kerke al meer gevra is na die grondteks van die Bybel, en wat Bybelvertaling in die verskillende moedertale gemaak is. Ons moet onthou dat die Roomse Kerk slegs die Latynse Bybel, die Vulgaat, as gesagvolle Bybel aanvaar het. Lank voor Luther die Bybel in Duits begin vertaal het, het Johannes Huss reeds die Bybel in Engels vertaal. Die meeste van die ouer vertalings is egter deur die Roomse kerk verbrand.

Erasmus het dus met die tekste wat hy tot sy beskikking gehad het (en daar was baie min) 'n teks vasgestel. Hierdie teks dateer ongeveer 1100 n.C.

5. BYBELVERTALING

Vertaling is moeilik! Dikwels is daar in 'n ander taal net eenvoudig nie spesifieke woord of begrip nie. Dink maar aan die vertaling van Afrikaans na Engels: 'n Kar ry onderdeur die

brug. Die woordeboek sê dat die Engelse woord vir "onderdeur" is *underneath*. Maar *underneath* sê nie dat die kar onder die brug uitkom nie! 'n Ander voorbeeld: Ons eet elke aand braaivleis en pap. As ons dit vir die koningin van Engeland moet vertaal as: *We eat BBQ and porridge every evening* sal sy dink ons is totaal gek, omdat *porridge* in Engels uitsluitlik iets is wat 'n mens vir ontbyt eet.

'n Ander voorbeeld: hoe verduidelik jy vir 'n Boesman wat sneeu is, en vir 'n Eskimo die intense hitte van die hel?

Nou moet ons besef dat die Grieks en Hebreeus waarin die Bybel geskryf is, deur niemand meer as moedertaal gepraat word nie. Verder het daar byvoorbeeld al baie diere uitgesterf wat in die Bybel se tyd nog geleef het en genoem word.

Dit help nie dat 'n mens vertaal en die vertaling word nie verstaan nie. 'n Voorbeeld: die woord *seekoei* word gebruik in Job 40:10 - maar die beskrywing wat gegee word is nie die seekoei soos ons hom ken nie. Die beskrywing van die krokodil in Job 41:4 - 25 is nie soos ons hom ken nie - trouens - dit klink vir my veel eerder na die beskrywing van 'n draak of dinosaurus!

As 'n mens dus 'n stuk vertaalwerk moet doen, moet 'n mens vóóraf besluit watter vertalingsmetode jy gaan gebruik. Vir hierdie stuk wil ek op twee metodes konsentreer: 'n letterlike vertaling en 'n begripsvertaling.

5.1. LETTERLIKE VERTALING

Met 'n lekkerlike vertaling bedoel ek dat die oorspronklike woorde word so akkuraat moontlik vervang met die woorde van die nuwe taal.

Die nadeel van hierdie metode is dat dit moeilik verstaanbaar is. Ek gaan weer 'n voorbeeld tussen Afrikaans en Engels gebruik: ons ken die idioom wat sê: *hy het lepel in die dak gestee*. Ons kan dit vertaal - letterlik na *he stuck the spoon in the roof*. Kan enige iemand sê dat dit verkeerd vertaal is? Nee - dit is 'n lekkerlike vertaling! As ons egter sê *hy het lepel in die dak gestee en sy weduwee kon nie betaal vir die begrafnis nie*, sou iemand baie moeilik maar tog uiteindelik uit die letterlike vertaling (*he stuck the spoon in the roof and his widow could not pay for the funeral*) aflei dat die lepel en die dak nie bestaan nie.

Twee voorbeelde uit die 1933/53-vertaling:

- Psalm 23:4 - u stok en u staf dié vertroos my. Hoe kan 'n stok en 'n staf my troos?
- Matteus 8:22 Maar Jesus sê vir hom: Volg My, en laat die dooies hul eie dooies begrawe. Hoe kan 'n dooie 'n dooie begrawe? Dit maak mos nie sin nie.

'n Ander aspek is taal en sinskonstruksie. Lees in die 1933/53-vertaling Efesiërs 3 - 14. Dis net 2 sinne! Probeer dit ontrafel en presies verstaan wat dit sê. In die Griekse letterkunde is dit totaal en al aanvaarbaar en verstaanbaar - maar ons dink en redeneer nie so in Afrikaans nie.

Die voordeel van hierdie metode is dat 'n mens baie naby kom aan die denkwyse van die oorspronklike skrywer van die boek.

5.2. BEGRIPSVERTALING

Hiermee bedoel ek dat die begrip vertaal word in die idioom van die taal waarna daar vertaal word. Kom ons gebruik dieselfde voorbeeld as hierbo: As ons sê *hy het lepel in die dak gestee en sy weduwee kon nie betaal vir die begrafnis nie*, sou iemand waarskynlik presies verstaan het met die vertaling (*he kicked the bucket and his widow could not pay for the funeral*).

Die nadeel van hierdie metode is dat daar dikwels woorde en begrippe ingevoeg moet word om dit duideliker te maak. So is daar "krokodil" ingevoeg in Job 41:3 wat nie in die oorspronklike Hebreeus staan nie.

Die voordeel van hierdie metode is dat dit die idioom van die taal waarin daar vertaal word, gebruik. Psalm 23:4 sê dat die Here my vertroos (Ongelukkig is die idioom nie in die 1983/91-vertaling vertaal nie!)

5.3. AKKURATE VERTALING.

Vertaling is en bly mensewerk. Daar is GEEN volmaakte vertaling nie. 'n Mens kan verskil van opinie oor die vertalingsmetode, maar slegs met baie goeie motivering die een vertaling bo die ander verhef.

Daar is tans twee "amptelike" vertalings wat deur die Bybelgenootskap gedoen is en waaraan ons kerke saamgewerk het en vir gebruik in die erediens goedgekeur het: die 1933/53-vertaling en die 1983/91-vertaling. Die besluit is dat dié twee vertalings naas mekaar gebruik kan word en dat die implementering daarvan aan kerkrade oorgelaat word.

Daar is ook ander vertalings in Afrikaans: die Nuwe Lewende vertaling is een voorbeeld. Hierdie is egter 'n vertaling wat deur individue gedoen is en waarvan die vertaling nie deur 'n paneel gekontroleer is nie,

Daar is 'n nuwe vertaling in Afrikaans op pad. Hierdie gaan 'n meer letterlike vertaling wees, maar in 'n eietydse moderne Afrikaans.

5.4. WATTER VERTALING?

Watter vertaling is korrek? 1933/53-vertaling of 1983/91-vertaling?

Daar is twee groot faktore wat ons in ag moet neem:

- Die 1933/53-vertaling is 'n meer letterlike vertaling van 'n teks vir meer as 1000 jaar oorgeskryf is
- Die 1983/91-vertaling is 'n begripsvertaling van 'n teks wat ongeveer 300 jaar se oorskryf beleef het.

Die vertaling in wording gaan 'n meer letterlike vertaling van die grondteks af wees wat waarskynlik baie nader is aan die teks wat die oorspronklike skrywers geskryf het.

5.5. WEGLATINGS / BYVOEGINGS

Een van die sterkste argumente wat teen die 1983/91-vertaling vertaling ingebring is, is die feit dat daar verse uitgelaat is as dit vergelyk word met die 1933/53-vertaling.

Ons moet onthou dat die oorspronklike skrywers nie opskrifte gebruik het nie, nie hoofstukke of vers-indelings gehad het nie, en in baie gevalle nie eens van paragrawe gebruik gemaak het nie!

- Daar is in die Ou Testament een tydens die Babiloniese ballingskap 'n indeling van die Pentateug (eerste 5 boeke van Moses) gemaak in 154 lees-eenhede;[^]
- Die eerste groot Bybelvertaling is in 374 n.C. geïnisieer toe die Bybel in Latyn vertaal is. As gevolg van die duur koste om Bybels te dupliseer is daar ook nie van indelings gebruik gemaak nie.

- In ongeveer 500 n.C. het die Jode vokale by die Hebreeuse teks van die Ou Testament gevoeg¹. Daarmee saam is daar aanduidings van einde van sinne en paragrawe ingevoeg.
- Gutenberg vind die drukpers uit in 1439 en druk 'n Bybel. Ook hierdie Bybel het nie vers-indelings gehad nie.
- Die eerste Bybel wat ingedeel is in hoofstukke en verse in die *Geneva Bible* van 1560.
- Opskrifte verskil van vertaling tot vertaling en word nie as gesaghebbend beskou nie.

Om nou die kwessie van weglatings en byvoegings aan te spreek, moet onthou word dat die oorskryfery sekere probleme gehad het: omdat papyrus so duur was, kon die velletjie nie maar weggegooi word as daar 'n vers uitgelaat is nie. As dit ontdek is, moes dit ingedruk word. 'n Verdere saak is dat die predikers moontlik 'n aantekening kon maak op hulle eie kopie van die Bybel, en dat die volgende oorskrywer kon dink dat dit by die vorige oorskryf uitgelaat is en dan is dit netjies by die oorskryf ingevoeg sodat die daaropvolgende oorskrywer nooit sou vermoed dat hier 'n byvoeging gemaak is nie.

Indien 'n mens dus in gedagte hou dat die grondteks van die 1983/91-vertaling ongeveer 400 jaar n.C. dateer en dié van die 1933/53-vertaling 1100 jaar n.C. dateer, moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die 1983/91-vertaling akkurater is as dié van die 1933/53-vertaling! Die logiese gevolgtrekking is dat die 1933/53-vertaling eerder byvoegings het as wat die 1983/91-vertaling weglatings het.

Ek is egter van een saak absoluut oortuig: geen weglating / byvoeging verander 'n enkele woord van die verlossingsboodskap van God nie.

5.6. TAALGEBRUIK

Dikwels word die taalgebruik van die 1933/53-vertaling as meer verhewe beskou en dié van die 1983/91-vertaling as minderwaardig. Inderdaad is die taal van die 1933/53-vertaling keurig - maar vir die moderne taalgebruiker dikwels onverstaanbaar. Tog is daar begrippe in die 1933/53-vertaling wat as minder beskaafd beskou kan word, byvoorbeeld

¹ Die Hebreeuse alfabet bestaan net uit konsonante (in die 1933/53-vertaling word dit in byvoorbeeld Psalm 119 aangedui - alef - bet ...). Deel van die onderlinge ooreenkoms toe hierdie werk aangepak is, is dat geen konsonant geskuif mag word nie. Daarom is besluit om deur middel van kolletjies en strepies die konsonante aan te dui, sodat dit verstaanbaar en leesbaar sou wees (Sien hieronder). Onthou ook dat die Hebreeus waarin die Ou Testament geskryf is as spreektaal uitgestorf het net na die ballingskap, en dat Aramees in werklikheid gepraat is in die tyd van die Nuwe Testament.

1 וַיְהִי כִּי־הִחֵל הָאָדָם לָרֵב עַל־פְּנֵי
הָאָדָמָה וּבָנֹת יִלְדוּ לָהֶם
2 וַיִּרְאוּ בְנֵי־הָאֱלֹהִים אֶת־בָּנוֹת הָאָדָם כִּי
טֹבֹת הֵנָּה וַיִּקְחוּ לָהֶם נָשִׁים מִכָּל אֲשֶׁר
בָּחָרוּ
3 וַיֹּאמֶר יְהוָה לֹא־יִדּוֹן רוּחִי בָאָדָם
לְעֹלָם בְּשָׂגֶם הוּא כְּשֶׁר נִהְיָ יָמָיו מֵאָה
וְעֹשְׂרִים שָׁנָה

ויקחו להם נשים מכל אשר בחרו
את-בנות האדם כי טבת הנה
2 ויראו בני-האלהים
בשר והיו ימיו מאה ועשרים שנה
רוחי באדם לעלם בשגם הוא
3 ויאמר יהוה לא-ידון
הגברים אשר מעולם אנשי השם
אל-בנות האדם וילדו להם המה
וגם אחרי-כן אשר יבאו בני האלהים
ים היו בארץ בימים ההם

eie gebruik van die word *hoer* - wat keuriger in die 1983/91-vertaling met *prostituut* vertaal is!

Omdat die 1933/53-vertaling (dit was 'n riglyn vir die vertaling) dieselfde metode as die *Staten Vertaling* (Nederlands) gebruik het, en die vertalers, sou hulle twyfel oor 'n vertaling die Nederlands moes volg, het ons voorouers deur die gereelde Bybellees van eers die Nederlands en toe die Afrikaans, as't ware die Griekse en Hebreeuse taalkonstruksie leer verstaan.

Daar het egter - en dit is 'n baie hartseer feit - 'n verslapping in Bybellees en huisgodsdienst gekom, sodat die kinders (nou self ouers) nie meer die taal van die 1933/53-vertaling verstaan nie! Daarom is daar op versoek van die kerke in die jare 70 begin met die 1983/91-vertaling - sodat dit verstaanbaar kon wees.

6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Nie een van die twee Afrikaanse vertalings is volmaak nie.

Nie een van die vertalings kan as meer akkuraat / ondergeskik aan die ander geag word nie.

Albei hierdie vertalings het eiesoortige "probleme" wat die kerke genoop het om te vra vir 'n derde vertaling in Afrikaans. Wat hopelik binne die volgende 5 - 8 jaar gaan verskyn.

7. NASKRIF

In 2009 het die *Bybel vir Dowes* die lig gesien. Dit is slegs die tweede Bybel wêreldwyd wat spesifiek op die behoeftes van die dowe gerig is. Twee sake wat hierdie projek noodsaak het is dat doof-gebore mense slegs 10% van die woordeskat van horende mense het en ook nie abstrak kan dink nie. Daar is dus baie begrippe wat hulle hulself nie kan verklaar nie. 'n Voorbeeld wat hulleself baie lief is om te gebruik, is die betekenis van die woord "skep". *In die begin het God die hemel en die aarde geskep*. Die dowe ken net "skep" as *Skep vir jou kos in*. Hoe moet hulle nou "skep" in daardie sin verstaan?

As ons verder besef dat 'n kind onder 10 ook nie werklik abstrak kan dink nie en net ongeveer 10% van die volwassene se woordeskat het, maar dit 'n ideale Bybel om vir kinders te lees.

Ook is dit 'n ideale Bybel vir tweede en derde taal lesers van die Afrikaanse Bybel.

Seker die grootste bate van hierdie Bybel is dat dit meer as 3000 woordverklarings het - wat amper alle onduidelikhede aanspreek, sodat elke mens God se genade en liefde kan lees en verstaan!